THE SHOW GROUNDS DEVELOPMENT TRUST
DIE SKOUGRONDE ONTWIKKELINGSTRUST

MEDIAVERKLARING

DATUM: 10 Julie 2020
UITGEREIK DEUR: Elmarie Prinsloo
Tel.: 051 - 448 9894/5/6
Epos: ceo@bloemskou.co.za
HOEDANIGHEID: Hoof Uitvoerende Beampte Bloemskou

Mangaung veldhospitaal – Bloemfontein skougronde

In die lig van die huidige landswye ramptoestand oor die Covid-19-pandemie (ook bekend as die Corona-virus) en die koers van infeksie stygings, het die beperking en tekort aan hospitaal fasiliteite en beddens ‘n realiteit geword.

In samewerking met die Departement Gesondheid in die Vrystaat is ‘n gedeelte van die skougronde geindentifiseer as fasiliteit wat in die behoeftes sal voldoen vir ‘n veldhospitaal en die infrastruktuur het om die bed kapasiteit te verhoog soos nodig.

Dit is ‘n voorreg om op so ‘n manier by te dra tot die welstand en beskerming van die gemeenskap van die Vrystaat.

Dit is belangrik dat die publiek en kliënte duidelik verstaan dat die skougronde oor die 330 000m² is en slegs 20% hiervan gebruik word vir die hospitaal. Aktiwiteite op die res van die skougronde, besighede in en om die gronde en veilings gaan normaal voort.

Die Departement van Gesondheid wil alle partye en die publiek verseker dat alles moontlik gedoen word om die daaglikse vloei van besigheid te verseker en dat hoë vlak sekuriteit en infeksie beheer maatreëls toegepas word om blootstelling aan die publiek te vermy.

Vir enige navrae kontak die skoukantoor by 051-4489894.